

## **Eet en drink en geniet die lewe!**

Donderdag 23 September 2021

**Lees:** Pred 3:13,14; 5:7-16 Pred 5:17-6:2

**Die Prediker, heel waarskynlik was dit koning Salomo**, het baie oor die lewe nagedink en nagevors. Hy het wel baie deeglik agtergekom dat 'n lewe sonder God is vrugteloos en nutteloos en swaar. Dit is juis as jy net geld en geluk en plesier najaag dat alles op niks uitloop nie. Daarom skryf hy in **Pred 5:9**

“Die mens vir wie geld alles is, het nooit genoeg geld nie;  
die mens vir wie rykdom alles is, kry nooit genoeg in nie.”

**Salomo was self 'n baie baie ryk koning**. God het hom geseën met baie welvaart en wysheid. So hy het geweet wat rykdom en oorfloed is. Maar hy het ook geweet dat rykdom en oorfloed nie noodwendig geluk bring nie.

Maar kan ons die lewe geniet, of ons ryk of arm is?

### **Pred 5:17**

“Ek het ook iets gesien wat goed is: **dit is aangenaam om te eet en te drink** en die lewe te geniet onder al die geswoeg op hierdie wêreld. Dit kom 'n mens toe vir die hele leeftyd wat God hom skenk.” Salomo het al in **Pred 2:24-26** geskryf wat goed is. “**24** Dit is nie aan die mens self te danke dat hy kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet nie. Ek het ingesien dat dit 'n gawe uit die hand van God is. **25** Wie kan eet, wie kan geniet as Hy dit nie moontlik maak nie?”

**26** Vir die mens met wie se lewe God tevrede is, gee Hy wysheid, kennis en blydskap. Maar die een met wie Hy nie tevrede is nie, kry die taak om op te gaar en bymekaar te maak en dit dan te gee aan een met wie God tevrede is. Ook hier kom dit dus tot niks. Dit is 'n gejaag na wind.”

### **Pred 3:12-13**

**12** “Ek het tot die insig gekom dat daar vir 'n mens niks beter is nie as om vrolik te wees en die goeie van die lewe te geniet.

**13** Dat die mens kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet, ook dit is 'n gawe van God.”

**God gee aan ons die lewe om te geniet**. God het nêrens belowe dat die lewe sal net rosegeur en maanskyn wees nie. Intendeel daar staan eerder dat ons lyding sal ervaar. Maar ons kan weet dat God is by ons.

**Daarom moet ons die lewe geniet**. Moet nie altyd kyk na mense wat meer as jy het nie. Moet nie altyd net die beste, duurste kos en drank wil gebruik nie. Nee, geniet dit wat jy het. As jy net 'n broodjie het om eet, eet dit met dankbaarheid en geniet dit. Drink 'n glasië koeldrank, 'n glasië wyn, sonder om jou te vergryp. Maar geniet alles wat God vir jou gee met dankbaarheid en vreugde.

**Lewe elke dag voluit en benut elke geleentheid ten volle uit dankbaarheid**. Maar lewe voluit vir die Here. Lewe voluit tot eer van God. Dank God vir elke happie kos. Bid vir hulle wat nie het nie en gee ook vir hulle iets om te eet en te drink. Jesus Christus het geweet wat dit beteken om honger te wees. Daarom het Hy ook vir oor die Vyf duisend mense kos gegee met die vermeerdering van twee vissies en vyf broodjies. Mat 14:17-21

**Maar geliefdes, die lewe gaan nie daarvoor om net te eet en te drink nie**. Maar alles wat ons doen, moet ons van harte doen soos vir die Here. Ons mag en moet ook dit geniet, want alles wat ons is en het kom vanaf die Here.

*Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: [gskruger1@gmail.com](mailto:gskruger1@gmail.com)*